Laerskool Lichtenburg

Buchananstraat, Posbus 83, Lichtenburg, 2740
Tel: 018 632 4619 / 3193
Faks: 018 632 3135
Sel: 083 731 9617 (Hoof)
E-pos:hoof@lichlaer.co.za
www.lichlaer.co.za

LSL
VOLHARD EN OORWIN
1893

**NASKOOLSENTRUM 2024**

Geagte Ouers

**<u>FOOIE VIR 2024:</u>**

**LET ASSEBLIEF OP DIE VOLGENDE:**

Skole open vir leerders op 17 Januarie 2024. Fooie vir Januarie is as volg:

| | | |
|---|---|---|
| Volmiddag: | Eerste kind | – R225 per maand plus R200 registrasiefooi |
| | Ander kinders | – R200 per maand plus R200 registrasiefooi |

Let asseblief daarop dat die halfmiddagopsie verval. Daar is nou slegs een fooi betaalbaar en u het 'n keuse om u kind enige tyd gedurende die middag te kom uitteken tot en met 17:15.

**<u>FOOIE VIR 2024 (10 maande):</u>** (Februarie tot November)

| | |
|---|---|
| Eerste kind | – R450 per maand |
| Ander kinders | – R400 per maand |

Fooie vir 2024 is betaalbaar voor die **7de dag van elke maand.** Bewys van betaling moet aan mev. Jakkie Swanepoel per whatsapp gestuur word en aan mev. Marike Botha per e-pos gestuur word voor die **7de van elke maand**. Indien u versuim om dit te doen sal u op die 8ste dag 'n brief ontvang waarin u meegedeel word dat u kind nie meer in die naskoolsentrum geakkommodeer kan word nie. Laat betalings gaan nie geduld word nie. U is verantwoordelik vir naskoolfooie **VANAF 17 Januarie 2024 tot 30 November 2024**, ongeag van langnaweke of vakansies gedurende die maand. U bly verantwoordelik vir die volle maand se fooi.

Leerders kan nie vir 'n maand uit die naskool gehaal word en dan die volgende maand teruggeplaas word nie. Indien dit die geval is, sal daar weer 'n registrasiefooi gehef word. Ouers wat herhaaldelik laat betaal se kinders sal hul plekke verbeur.

'n Registrasiefooi van R200 vir 2024 kan nou reeds inbetaal word. Gebruik asseblief leerder se **N-nommer** en die leerder se **VAN** as verwysing bv. **N0000 Botha 2024**. Registrasiefooie moet voor 17 Januarie 2024 betaal wees om leerder se plek in die naskool te verseker.

Nuwe aansoekvorms vir 2024 is vanaf einde Oktober 2023 beskikbaar. Voltooi asseblief 'n aansoekvorm vir elke leerder. Maak asseblief seker dat u die inskrywingsvorm volledig voltooi en inhandig by mev. Jakkie Swanepoel.

**Indien 'n leerder nie meer die naskool gaan bywoon nie, moet u asseblief 'n maand kennis gee.**

*Die omgee-skool waar elkeen tel!*

Wanneer naskoolfooie in die skool se rekening inbetaal word moet u asseblief die leerder se **N-nommer** en die leerder se **VAN** as verwysing gebruik bv. **N0000 Botha**.

Indien u nie vanuit 'n ABSA-rekening betalings maak nie, moet u asseblief onthou om die betaling twee dae voor die spertyd te maak, aangesien dit 2dae neem voor dit in die skool se rekening wys.

**BANKBESONDERHEDE**
Laerskool Lichtenburg
ABSA Tjekrekening 01044380338
Takkode 632 005
Verwysing: Naskool met 'n **N** nommer en u kind se **VAN**.

Stuur asseblief die bewys van betaling aan: *finansies@lichlaer.co.za*.

Finale reëlings, vrywaringsvorms en reëls sal aan u deurgegee word sodra die skole heropen. Wees verseker dat die naskoolpersoneel net hulle beste sal gee om te verseker dat u kind/ers veilig en gelukkig is.

Vir enige verdere navrae kontak mev. Jakkie Swanepoel (082 891 3925)

**MNR. R. CHAMPION**
**HOOF**

**MEV. JAKKIE SWANEPOEL**
**HOOF: NASKOOLSENTRUM**